**27 Mei** **Skrifgedeelte: Efesiërs 1**
**Fokusgedeelte: DL, 1:18**

**Dié wat die uitverkiesing reg verstaan, jubel daaroor!**

Tot dusver het ons gesien dat die uitverkiesing net een ding uitspel en dit is onverdiende genade. Tog is daar mense wat teen hierdie leer in opstand kom, want die uitverkiesing sluit ook verwerping in. Hulle sou graag wou hê dat alle mense gered word, asof enige mens dit verdien om gered te word! Omdat hulle dink geen mens verdien om vir ewig verlore te gaan nie kom hulle in opstand teen hierdie Bybelse leer.
Sodra 'n mens egter insien dat alle mense verdien om verlore te gaan omdat alle mense gesondig het, dan sien jy die genade van God raak. Hy laat immers nie alle mense verlore gaan, soos wat hulle verdien nie, maar Hy skenk aan sommige die ewige lewe, wat hulle nie verdien nie!
Iemand wat hierdie leer dus reg verstaan kom nie in opstand daarteen nie, maar sing 'n loflied daaroor! Hoor maar hoe reageer Paulus op die genade van die uitverkiesing in Efesiërs 1. In vers 3 en 4 sê hy: "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees." Hy gaan voort in vers 5 en 6: "In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het." Ook in vers 12 en vers 14 word ons opgeroep om God te prys vir die genade van die uitverkiesing.
Hoe gaan u vandag die Here prys vir die genade van die onverdiende uitverkiesing?

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~